Garden Coast Trading 1 BK 2004/078541/23
Pick 'n Pay Sentrum, Fraaiuitsig– Posbus 818, Groot Brakrivier, 6525
– Tel: 044 696 6421 – Faks: 086 509 1775 – E-Pos: fraai@gleniqua.co.za

# AANBOD OM TE KOOP

## (WOONHUISE EN ERWE)

Ek/Ons, die ondergetekende(s), GIDEON JOSUA KLOPPERS

Identiteitsnommer: 6201305004085
(Ongetroud/~~getroud Binne/Buite gemeenskap van goedere~~);

**EN** (indien van toepassing) N.V.T.

N.V.T.
Identiteitsnommer:

(Ongetroud/getroud Binne /Buite gemeenskap van goedere);

VAN: POSADRES : BUS 2725 GLEN BALLADE 1630.

WOONADRES: 11 SYRINGA SANDS KEMPTONPARK.

TELEFOONNR.: (H)................ (W) 011655 2292.
FAKSNR. ................
SELFOONNR.: 082 445 4146
E-POS: GJKLOPPERS@GMAIL.COM

{hierinlater genoem die **KOPER(S)**}

**BIED HIERMEE AAN**
om, deur bemiddeling van Garden Coast Trading 1 BK h/a **GLENIQUA EIENDOMME / PROPERTIES**, (Verw. CK 2004/078541/23), van Posbus 818, Groot Brakrivier, 6526; **Tel 044-696 6421**; en **Faksnr. 086 509 1775**; as eiendomsagente, (hierinlater genoem die AGENT), onderhewig aan die terme en voorwaardes hieronder uiteengesit,

<u>**AAN TE KOOP**</u> van: CALMANN SWANEPOEL ……………………………………………………

………………………………………………………………………………………………

Identiteitsnommer: 460830 5111 086 ……………
(~~Ongetroud~~/getroud Binne/~~Buite~~ gemeenskap van goedere);

EN (indien van toepassing) LOUISA CATHARINA SWANEPOEL
………………………………………………………………………………………………
Identiteitsnommer: 480723 0101 085 ……………
(~~Ongetroud~~/getroud ~~Binne~~/Buite gemeenskap van goedere.);
VAN:
POSADRES: BUS 1195 KLEIN BRAKRIVIER
……………………………………………………………………………… 6503
WOONADRES: ………………………………………………………………………
………………………………………………………………………………………
TELEFOONNR.: (H) 044 696 6761 (W)…………………………FAKS………………………
SELFOONNR.: ………………………… E-Pos………………………………………………
{hierinlater genoem die **VERKOPER(S)}**;

die volgende onroerende **EIENDOM** tewete:

**ERF NR.** 783 KLEIN BRAKRIVIER **Groot:** 995 **m²**

en **geleë** te: MOSSELSTRAAT 10 FRAAIUITSIG ………………………………

Soos gehou deur die VERKOPER kragtens Akte van Transport nr. T …………/…… tesame met alle **verbeterings en vaste aanhegtings** daaraan, soos deur my ge-inspekteer en/of deur die VERKOPER/AGENT aan my uitgewys as deel van die gemelde eiendom uit te maak, met die uitdruklike **uitsluiting** egter van die volgende aanhegtings (indien enige) :

NUT.
………………………………………………………………………………………………
onderhewig aan die bestaande Titelvoorwaardes tans teen die EIENDOM geregistreer en/of waarna verwys word in die gemelde Transportakte, (hierinlater na verwys as die **EIENDOM**), en wel **SPESIAAL EN UITDRUKLIK ONDERHEWIG AAN DIE VOLGENDE TERME EN VOORWAARDES:**

<u>**KOOPSOM:**</u> Die koopsom sal wees die bedrag van **R** 450,000-00 (VIER HONDERD EN VYFTIG DUISEND ……RAND.)
**(BTW In/uitgesluit - indien van toepassing)**, en sal soos volg betaalbaar wees, vry van Bankkoste :

(a) 'n bedrag van R 180,000-00 as DEPOSITO, voor of op 16 MAART 2018, IN TRUST, aan die transportbesorgende Prokureurs en welke bedrag die KOPER hiermee gemelde prokureurs magtig; opdra en versoek, om in terme van Artikel 78 (2A) van Wet 53 van 1979 te belê op rentedraende rekening in naam van die KOPER by hulle Bankiers waar hul Trust rekening gehou word, hangende registrasie van transport, tot rente voordeel van die KOPER; en

(b) die balans van **R** 270,000-00 (TWEEHONDERD EN SEWENTIG DUISEND ……Rand ) sal betaalbaar wees teen registrasie van transport van die EIENDOM in naam van die KOPER.

2. **OPSKORTENDE VOORWAARDE i/s LENING (indien enige)**
Hierdie AANBOD is uitdruklik onderhewig aan die voorwaarde dat die KOPER in betaling van 'n gedeelte van die KOOPSOM, finansiering bekom, vir ten minste die bedrag van R 270.000-00 (TWEE HONDERD EN SEWENTIG DUISEND ...Rand) voor of op die 16 MAART 2018 en voor of op laasgenoemde datum skriftelike bewys van verkryging daarvan lewer aan die Transportbesorgende Prokureurs. **Indien** die KOPER, vanweë omstandighede buite sy beheer, nie daarin kan slaag om sodanige lening te bekom binne die vermelde tydperk nie, sal hierdie AANBOD sowel as enige KOOP wat vanweë die VERKOPER se aanvaarding van hierdie AANBOD tot stand mag gekom het, onmiddellik outomaties verval en van nul en gener waarde word.

3. **WAARBORGE IN BETALING VAN KOOPSOM:**
Die KOPER sal verplig wees om, in voldoening aan die bepalings van 1(b) hierbo, voor of op die 23 MAART 2018... bevredigende en vir die VERKOPER aanvaarbare Bankwaarborg/e, soos waartoe die VERKOPER die KOPER mag versoek, uit te reik en aan die VERKOPER/die Transportbesorgende prokureurs te lewer in betaling van die KOOPSOM/ balans van die KOOPSOM, te sodanige plek/plekke as wat die VERKOPER mag bepaal.

4. **BESIT EN OKKUPASIE**
Besit en onbelemmerde okkupasie van die EIENDOM en alle verbeterings daarop, indien enige, sal aan die KOPER gegee en geneem word op DATUM VAN TRANSPORT vanaf welke datum die risiko daaraan verbonde op die KOPER sal oorgaan, hy verantwoordelik sal wees vir betaling van alle belastings en soortgelyke heffings op die EIENDOM betaalbaar, en dan ook geregtig wees op alle voordele voorspruitend uit eiendomsreg tot die EIENDOM.
Indien die KOPER voor registrasie in besit en okkupasie van die EIENDOM geplaas mag word, sal die KOPER nie geregtig wees om, sonder die voorafverkreë skriftelike toestemming van die VERKOPER, gegee op sodanige voorwaardes as wat die VERKOPER in sy uitsluitlike diskressie wens te stel, enige verbeterings of veranderings aan die EIENDOM aan te bring nie.
By kansellasie/verval van hierdie KOOP, sal die KOPER verplig wees om die EIENDOM onmiddellik te ontruim, en dit in dieselfde goeie orde en toestand as waarin dit was, aan die VERKOPER terug te oorhandig.

5. **OKKUPASIEHUUR:**
Die KOPER aanvaar dat, indien hy in besit en okkupasie van die EIENDOM geplaas mag word, in terme van klousule 4 hierbo, voor die datum waarop registrasie van transport in sy naam sou plaasvind en die KOOPSOM ten volle aan die VERKOPER betaal word, die KOPER verantwoordelik sal wees vir die betaling van OKKUPASIEHUUR aan die VERKOPER en wel in die bedrag van R NUL (NVT ...Rand.) per maand, pro rata bereken te word vir tydperke van korter as 'n kalendermaand, en wel vir die tydperk wat strek vanaf datum van sodanige besitname tot en met die datum van registrasie en betaling van die gehele KOOPSOM aan die VERKOPER. Sodanige OKKUPASIEHUUR sal betaalbaar wees, maandeliks vooruit, in kontant, aan die transportbesorgende prokureurs, of te sodanige ander plek(ke) as wat die VERKOPER mag bepaal. Die teendeel sal ook van toepassing wees op die VERKOPER indien registrasie van transport sou plaasvind voor die datum van besitname.

6. **TRANSPORTKOSTES:**

Die KOPER sal verantwoordelik wees vir die betaling van al die koste verbonde aan die passering van transport van die EIENDOM in sy naam, insluitende Hereregte of BTW, Akteskantoorheffings, seëlregte, indien van toepassing, en B.T.W. op enige sodanige kostes. Betaling hiervan sal die KOPER verplig wees om te doen aan die transportbesorgende prokureurs, binne 10(tien) dae na hulle aanvraag daarvan.

7. **VOETSTOOTS:**

Die KOPER erken en verklaar hiermee dat hy die EIENDOM en alle verbeterings daarop/ aanhegtings daaraan deeglik ge-inspekteer het, en homself ten volle vergewis het rakende die aard, toestand, ligging, grensbakens en grootte van die EIENDOM en alle verbeterings daarop/aanhegtings daaraan, waarop sy bereidwilligheid om die EIENDOM aan te koop gebaseer kon wees, en aanvaar die KOPER dat hy dit koop, VOETSTOOTS, in die toestand waarin dit tans verkeer, terwyl die VERKOPER/AGENT, en/of enige ander persoon, geen voorstellings gemaak of waarborge gegee het, dat dit vry is van enige gebreke, hetsy latent of andersins nie, en dat die KOPER die EIENDOM aankoop onderhewig aan al die bestaande titelvoorwaardes en serwitute, indien enige, soos uiteengesit word in of na verwys word in die Titelakte waarkragtens die VERKOPER tans die EIENDOM hou, die volle aard en omvang waarvan die KOPER erken hy hom vergewis het. Die VERKOPER sal nie verplig wees om die bakens van die EIENDOM uit te wys nie.

8. **BESKRYWING VAN EIENDOM**

Indien dit sou blyk dat die beskrywing van die EIENDOM soos hiertevore vermeld word, verkeerd is en/of mag verskil van die beskrywing daarvan in die titelakte, stem die KOPER hiermee uitdruklik toe dat sodanige fout nie die geldigheid van hierdie AANBOD/KOOP sal affekteer nie; dat hierdie AANBOD/KOOP steeds bindend en geldig sal wees ten opsigte van die bepaalde EIENDOM soos aan die KOPER uitgewys is deur die VERKOPER/ AGENT, en dat hierdie AANBOD/KOOP gerektifiseer sal word by ooreenkoms tussen die partye in ooreenstemming met hul bedoeling van koop en verkoop van die betrokke uitgewysde EIENDOM.

9. **SLUITING VAN KOOP EN VOLLEDIGHEID VAN OOREENKOMS:**

Indien hierdie AANBOD deur die VERKOPER aanvaar sou word, soos waartoe aan die voet hiervan voorsiening gemaak word, sal hierdie dokument die gehele ooreenkoms verteenwoordig tussen die partye en sal geen ander voorwaarde, bepaling, voorstelling, waarborg of onderneming, van welke aard ookal, bindend wees tensy dit op skrif gestel en deur beide die KOPER en VERKOPER onderteken is nie.

10. **JURISDIKSIE:**

Indien enige eis, dispuut of geskil, mag ontstaan tussen die KOPER en VERKOPER, wat mag voortvloei uit hierdie AANBOD/KOOP wat mag tot stand kom na aanvaarding hiervan deur die VERKOPER, stem die partye hiermee toe tot die jurisdiksie van die Landroshof wat ten aansien van hulle persone regsbevoegdheid mag hê vir die beregting van enige sodanige dispuut/geskil.

## 11. GELDIGE KONTRAK

By die AANVAARDING van hierdie AANBOD deur die VERKOPER, sal hierdie dokument die bindende en geldige KOOPKONTRAK ter aansien van bedoelde verkoping verteenwoordig tussen die KOPER en VERKOPER.

## 12. KANSELLASIE

Indien die KOPER in gebreke sou bly en/of versuim om enige bepaling hiervan stiptelik na te kom, en steeds in sodanige gebrek/versuim/nalate volhard, nadat die VERKOPER die KOPER skriftelik, aangemaan het om dit te herstel binne 10(Tien) dae gereken vanaf datum van sodanige kennisgewing, sal die VERKOPER geregtig wees om, na sy keuse:

(a) of, spesifieke nakoming van al die bepalings hiervan van die KOPER te eis en af te dwing,
(b) of, hierdie koop summier te kanselleer, behoudens die VERKOPER se reg om enige bedrae reeds deur die KOPER uit krag hiervan betaal, te behou as vooruitberekende gelikwideerde skadevergoeding en/of die KOPER aan te spreek vir betaling van alle skade berokken deur sodanige kontrakbreuk.

## 13. DOMISILIE:

Vir doeleindes van versending van enige kennisgewing en/of regsprosesstuk voortvloeiend uit die KOOP uit krag hiervan tot stand gekom, en enige geskil of aksie hieruit voortspruitend, kies die partye as hulle onderskeie domicillium citandi et executandi, daardie adresse as wat in die aanhef hiertoe ten aansien van hulle elkeen weergegee word.

## 14. HOEDANIGHEID VAN PARTYE: N.V.T.

Sou die KOPER hierdie AANBOD maak in sy hoedanigheid as Trustee namens 'n Trust, of as Direkteur/Lid van 'n Maatskappy/Beslote Korporasie, waarborg die KOPER hiermee dat hy oor die nodige magtiging beskik om hierdie AANBOD namens en ten behoewe van sodanige Trust/Maatskappy/Beslote Korporasie te maak, en sou dit blyk dat sodanige magtiging ontbreek by die KOPER se ondertekening hiervan, en/of die bedoelde Trust/ Maatskappy/Beslote Korporasie nie binne 7(sewe) dae vanaf datum hiervan, hierdie AANBOD/KOOP aanvaar en bekragtig nie, sal dit ge-ag word dat die ondertekenaar hiervan as KOPER in die eerste instansie hierdie AANBOD in sy persoonlike hoedanigheid gemaak het en sal sodanige ondertekenaar dan persoonlik verantwoordelik wees vir die behoorlike en stiptelike nakoming van alle verpligtinge hierkragtens die KOPER opgelê. Die ondertekenaar verbind homself dan ook hiermee, in solidum, as borg en medehoofskuldenaar vir en namens die bedoelde Trust/Maatskappy/Beslote Korporasie, teenoor die VERKOPER vir die stiptelike, behoorlike en volledige nakoming van alle verpligtinge wat die KOPER uit krag hiervan opgelê word.

## 15 TRANSPORTBESORGENDE PROKUREURS:

Transport van die hierby verkoopte EIENDOM in die naam van die KOPER sal behartig word deur die VERKOPER se prokureurs, E.D. RAS ............ van GLENTANA. ............, welke firma dan ook hiermee deur die VERKOPER vir hierdie doel benoem word.

16 **BESMETTING- , ANDER EN ELEKTRISITEITSSERTIFIKATE**

Die VERKOPER sal verplig wees om, op diese koste, :-

(a) alle bereikbare hout of timmerasie aan die gebou(e) op die EIENDOM, deur 'n bevoegde inspekteur, geregistreer by die Suid Afrikaanse Plaagbeheervereniging, of 'n gekwalifiseerde entomoloog, te laat inspekteer en te sertifiseer, ooreenkomstig die bepalings van Wet 36 van 1947 en/of SABS Kode 0124 en 0204, dat dit vry is van enige besmetting deur houtvernietigende kewers, termiete, en fungi; en

(b) die gebruiklike Sertifikaat van Nakoming ten aansien van die gehele elektriese installasie op, in en aan die eiendom en alle verbeterings daarop, te bekom. Sodanige sertifikaat moet uitgereik word deur 'n bevoegde Elektriese Kontrakteur ingevolge die Regulasies afgekondig kragtens Wet 6 van 1983;

(c) 'n Gassertifikaat van Nakoming, uitgereik deur 'n gemagtigde persoon wat geregistreer is by die "Liquified Petroleum Gas Safety Association of Southern Africa" (LPGAS), ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, No 85 van 1993 en Regulasie 17(3) van die "Pressure Equipment Regulations", ten aansien van enige gas installasies op die EIENDOM te bekom;

(d) 'n Watersertifikaat van Nakoming, uitgereik deur 'n gesertifiseerde Loodgieter, ingevolge die vereistes van die Plaaslike Owerheid / Munisipaliteit, ten aansien van alle loodgieterswerke op, in en aan die EIENDOM, te bekom;

(e) Indien die eiendom omhein is met 'n geelektrifiseerde heining, 'n Elektriese Heining Sertifikaat van Nakoming, uitgereik deur 'n Elektriese Heining Installeerder, ingevolge die Wet op Beroepgesondheid en Veiligheid, No 85 van 1993, te bekom;

en sodanige Sertifikate te lewer aan die Transportbesorgende prokureur voor die datum van registrasie van transport, of besitname van die EIENDOM deur die KOPERS, welke ookal eerste mag plaasvind.

Indien enige voorkomingstappe / regstelling van enige skade / verwydering van besmettingsoorsake / verandering en/of herstelwerk gedoen moet word teneinde die uitreiking van bedoelde Sertifikate te verseker, sal dit betyds deur die VERKOPER gedoen word op sy diese koste en risiko.

17. **ONTBINDENDE VOORWAARDES t.o.v. VERKOPE VAN KOPER SE EIENDOM:**
Hierdie AANBOD is uitdruklik **onderhewig** aan die voorwaarde dat die KOPER sy bestaande eiendom, tewete: .........N/A........................................................ ...........
.................................................................................................................................
suksesvol verkoop binne Not.........dae vanaf datum hiervan, en voor verstryking van hierdie tydperk, skriftelike bewys van sodanige verkoping aan die Transportbesorgende Prokureurs sal lewer en dan verder dat sodanige transport van hierdie eiendom aan die koper daarvan suksesvol getransporteer word binne 90 dae na sodanige verkoping.
**Indien,** vanweë omstandighede buite die beheer van die KOPER, desnieteenstaande sy daadwerklike poging om sodanige verkoping te bewerkstellig, nie daarin kan slaag nie, en/of sou daar nie binne die vermelde tydperk voldoen kan word aan enige ontbindende voorwaardes waarop die KOPER wel laasgenoemde eiendom mag verkoop nie, en/of sou sodanige verkoping deur die KOPER om welke rede ookal nie perfectum raak voor genoemde datums nie, sal hierdie AANBOD/KOOP wat hieruit mag voortspruit, onmiddellik en outomaties **verval** en geensins verder bindend op die **KOPER** of **VERKOPER** wees nie.

**18. "AGTERDEUR KLOUSULE":**
Indien hierdie ooreenkoms onderworpe is aan 'n opskortende voorwaarde in verband met die verkryging deur die KOPER van finansiering, in betaling van die geheel of gedeelte van die koopsom, of, 'n ontbindende voorwaarde in verband met die verkoop deur die KOPER van 'n ander eiendom, sal die VERKOPER, totdat daar aan sodanige opskortende en/of ontbindende voorwaarde(s) voldoen is, geregtig wees om, sou die VERKOPER 'n bona fide aanbod van 'n derde party teen 'n koopsom, nie minder as die koopsom vermeld in 1 hierbo nie, vry van enige opskortende en/of ontbindende voorwaarde(s), ontvang deur bemiddeling van GLENIQUA EIENDOMME, vir die aankoop van die hierbyverkoopte eiendom van die VERKOPER, sodanige aanbod te aanvaar en terug te tree uit hierdie ooreenkoms nadat die VERKOPER skriftelike kennisgewing aan die KOPER gegee het om binne 3 (DRIE) volle werksdae (Saterdae en Sondae uitgesluit), afstand te doen van enige en alle opskortende en/of ontbindende voorwaarde(s) waaraan hierdie AANBOD onderhewig mag wees, ewe regsgeldig as dit in die eerste instansie nie deel van hierdie AANBOD uitgemaak het nie; en die KOPER versuim en/of nagelaat het om binne hierdie tydperk van sodanige opskortende en/of ontbindende voorwaarde(s) afstand te doen en dit hieruit te skrap.

19 **AGENTEKOMMISSIE**
Die KOPER erken en verklaar hiermee dat hy hierdie AANBOD maak deur die bemiddeling van die AGENT, dat die AGENT die alleen en effektiewe oorsaak was van die KOPER se bereidwilligheid om hierdie AANBOD te maak, en dat die KOPER hiermee die VERKOPER vrywaar en skadeloos stel teen enige ander eise vir die betaling van agentekommissie op hierdie verkoping deur enige ander agent, persoon of instansie.
Terwyl die VERKOPER dan nou hiermee uitdruklik boekstaaf dat sy bereidwilligheid om hierdie AANBOD te aanvaar, en daardeur 'n geldige KOOP met die KOPER ten aansien van die verkoping van die EIENDOM uit krag hiervan tot stand te bring, daarop gebaseer is dat en dit doen, terwyl hy, die VERKOPER, dan slegs verantwoordelik sal wees vir betaling van agentekommissie op hierdie verkoping aan die genoemde AGENT alleenlik.
Die VERKOPER erken op hierdie verkoping aanspreeklik te wees vir en aanvaar hiermee verantwoordelikheid om betaling te doen van sodanige agentekommissie soos wat deur die partye ooreengekom is volgens die aangehegte **Addendum A** en magtig en dra die VERKOPER hiermee die transportprokureurs op om hierdie bedrag aan die AGENT te betaal uit die eerste beskikbare fondse teen registrasie van die transport aan die KOPER.
Indien die KOOP wat hieruit tot stand kom, as gevolg van die toedoen of nalate van die KOPER deur die VERKOPER gekanselleer sou word, onderneem die KOPER hiermee, en sal die KOPER verplig wees, om die sodanige agentekommissie aan die AGENT te betaal op aanvraag. Sodanige kommissie sal steeds aan die AGENT betaalbaar wees en bly, selfs sou die KOOP hierkragtens tot stand gebring, deur die KOPER en VERKOPER by ooreenkoms gekanselleer word.

**20 INWONERSKAP:**

**(a)** Die Verkoper waarborg hiermee dat hy/sy 'n inwoner van die Republiek van Suid-Afrika is; of

**(b)** Die Verkoper is 'n nie-inwoner van die Republiek van Suid-Afrika gevolglik magtig die Verkoper hiermee onherroeplik en gee opdrag aan die aktebesorgers om die toepaslike terughoudingsbelasting van die koopprys of te trek indien die koopprys R2,000,000 of meer is en dit oor te betaal aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) binne 14 dae na registrasie van oordrag van die eiendom in naam van die koper.

21 **OOREENGEKOME VERSUIMSRENTE:**

Die partye hiertoe, beloof, onderneem en verbind hulleself daartoe wedersyds om alles wat redelikerwys binne hulle vermoë mag wees, te doen en/of te laat doen ten einde die spoedige afhandeling van die registrasie van transport aan die KOPER te verseker.

Indien enige van die partye hiertoe enigiets doen en/of nalaat om te doen, van welke aard dit ookal mag wees, wat die afhandeling van die registrasie van die transport van die eiendom uit krag hiervan in naam van die KOPER, enigsins vertraag, sal die verontregde party geregtig wees om die versuimende party skriftelik aan te maan om sodanige versuim/nalate onmiddellik te herstel ten einde onverwylde registrasie van transport te verseker, by versuim waaraan die verontregde party geregtig sal wees om, hierby ooreengekome versuimsrente, bereken teen 12% per jaar op die koopsom vir die duur van sodanige tydperk van vertraging, van die versuimende party te eis en betaling daarvan af te dwing, as ooreengekome gelikwideerde skadevergoeding, welke deur die versuimende party aan die Transportbesorgende Prokureurs betaalbaar sal wees op aanvraag, maar in iedere geval nie later as die datum van registrasie van transport of kansellasie van hierdie ooreenkoms, indien dit sou geskied, na gelang van die geval.

**22 DIREKTE BEMARKING: AFKOELPERIODE: (Indien deur agent)**

Dit word hiermee geboekstaaf dat die KOPER, ingevolge die bepalings van die Wet op Verbruikersbeskerming, Wet 68 van 2008, saamgelees met die bepalings van Artikel 29A van die Wysigingswet op die Wet of Vervreemding van Grond, Wet 103 van 1998, die reg het om die ooreenkoms skriftelik te kanselleer en wel by wyse van skriftelike kennisgewing aan die VERKOPER en agent gegee te word binne 5 (vyf) werksdae (uitgesluit die dag waarop dit aanvaar is, Saterdae, Sondae en Openbare Vakansiedae) nadat dit deur die VERKOPER of sy verteenwoordiger aanvaar is, **en** aangegaan is deur die KOPER voortspruitend uit direkte bemarking van eiendom, in die gewone loop van besigheid, hetsy deur raadpleging in persoon (VERKOPER of sy verteenwoordiger of agent), by wyse van e-pos of ander vorm van kommunikasie. Die KOPER erken dat hy bewus is van die feit dat die betrokke eiendomsagente geregitg sal wees om die eiendom te bemark gedurende die periode, soos hierbo vermeld, totdat die afkoelperiode verstryk het.

23 **GELDIGHEIDSDUUR VAN HIERDIE AANBOD:**

Hierdie AANBOD sal bindend, regsgeldig van krag en onherroeplik op die KOPER wees tot en met 17h00 op die 17 dag van FEBRUARIE 2018 en kan dit ter eniger tyd voor sodanige verstrykingstydperk deur die VERKOPER aanvaar word, waardeur dan 'n geldige en bindende KOOP tussen die partye uit krag hiervan tot stand kom.

24 **SPESIALE VOORWAARDES:**

GEEN

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE [illegible] OP HIERDIE 16 dag van FEBRUARIE 2018

AS GETUIES:

1. ……………………………………

……………………………………
**KOPER**

2. ……………………………………

……………………………………
**KOPER SE EGGENOTE**

## AANVAARDING VAN AANBOD

Ek/Ons: CALLMAN SWANEPOEL

Identiteitsnommer 460830 5111 086

**EN** (indien BINNE gemeenskap van goedere getroud)

LOUISA CATHARINA SWANEPOEL

Identiteitsnommer 480723 0101 085

synde die VERKOPER(S) na wie verwys word in die voorgaande AANBOD, AANVAAR hiermee die AANBOD soos hiertevore vervat word, en bekragtig hiermee dat my/ons ondertekening hiervan, hierdie as die bindende en geldige KOOPAKTE tussen my/ons en die gemelde KOPER ten aansien van die bedoelde verkoping stel.

ALDUS GE~~DOEN EN~~ GETEKEN TE FRAAIUITSIG OP HIERDIE 16 dag van FEBRUARIE 2018

AS GETUIES:

1. ……………………………………… ……………………………………… **VERKOPER**

2. ……………………………………… ……………………………………… **VERKOPER SE EGGENOTE**

## AANVAARDING VAN VOORDELE DEUR AGENT

Ek die ondergetekende, GEORGIE ANNANDALIE NEZAR handelende hierin namens die AGENT aanvaar hiermee, namens die AGENT, om tot hierdie ooreenkoms as party toe te tree.

GETEKEN TE FRAAIUITSIG OP HIERDIE 16 DAG VAN FEBRUARIE 2018

………………………………………

DIE AGENT

## INLIGTING DEUR TRANSPORTBESORGER BENODIG VIR OORDRAGDOELEINDES:

| | VERKOPER | KOPER |
|---|---|---|
| Eggenoot(e) se: | | |
| Volle name: | .......................................... | .......................................... |
| | .......................................... | .......................................... |
| Identiteitsnommer: | .......................................... | .......................................... |
| Plek van huwelik: | .......................................... | .......................................... |
| Datum van Huwelik: | .......................................... | .......................................... |
| Huweliksvoorwaardes-Kontrak nr.: | .......................................... | .......................................... |

T.o.v. **Verkoper**:
Verbandhouer: ..........................................
Diese adres: ..........................................
Telefoonnr: ..........................................
Rekeningnr.: ..........................................
Uitstaande bedrag: ±R..........................................
Transportakte in besit van.......................................................

T.o.v **Koper:**
Lening aangevra by ..........................................
Diese adres ..........................................
Telefoonnr.: ..........................................

Registrasie as BTW Ondernemer:

(Skrap wat n.v.t. is) ..........JA / NEE .......... ..........JA / NEE ............

BTW Nommer ..............................................................................

Toekomstige adres: ..........................................
..........................................
..........................................

Ek bevestig dat voorgaande korrek is:

.......................................... ..........................................

**VERKOPER** **KOPER**

## ADDENDUM A: KOMMISSIE OOREENKOMS

Ten aansien van die verkoping deur

C & L E SWANEPOEL (VERKOPER)

aan G.J. KLOPPERS (KOPER)

van MOSSELSTRAAT 10 VRAAIUITSIG (EIENDOM)

teen 'n koopsom van R 450,000-00 (VIER HONDERD EN VYFTIG DUISEND RAND) kragtens 'n AANBOD

gedateer 16-2-18.

Die genoemde VERKOPER bevestig hiermee dat ooreengekome Agentekommissie van R 27 000-00 (SEWE EN TWINTIG DUISEND RAND) aan genoemde GLENIQUA EIENDOMME op hierdie verkoping deur my/ons betaalbaar is en onderneem om dit te betaal teen registrasie van transport van die eiendom in die naam van die KOPER.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE VRAAIUITSIG OP HIERDIE 16 dag van FEBRUARIE 20 18

AS GETUIES:

1. ……………………………………

2. ……………………………………

……………………………………
**VERKOPER**

……………………………………
**VERKOPER SE EGGENOTE**